## MBEKI, GOVAN: THE PRISON WRITINGS OF GOVAN MBEKI

David Philip in assosiasie met die UWK se **Historical & Cultural Project, 1992.** 199 bl. geen prys vermeld nie.

Dat hierdie boek nie 'n stuk prosa is waarin die skrywer se lief en leed in die tronk beskryf word nie, blyk alreeds in die subtitel **Learning from Robben Island.** Die werk bestaan uit 'n aantal essays deur Govan Mbeki, 'n lid van beide die ANC en die SAKP op Robbeneiland geskryf. Reeds in die **Voorwoord**, geskryf deur Harry Gwala van die ANC, verklaar laasgenoemde die essays is **"a collective effort intended for discussion".**

Daarna volg 'n lang bekendstelling van die werk deur prof. Colin Bundy van die U.W.K. Hy gee 'n beknopte lewenskets van Mbeki tot en met sy gevangenisjare op Robbeneiland, asook 'n uiteensetting van hoe die sisteem van "politieke opvoeding" onder die gevangenes gefunksioneer het. Bundy verduidelik dat die essays, anders as die meeste ander politieke gevangenisliteratuur wat reeds gepubliseer is, in die eerste plek bedoel was as literatuur om deur medegevangenes gelees te word ten einde "polities opgevoed" te word. Daarom is die tekste aanvanklik so beknop en klein as moontlik geskryf om dit sodoende effektief by die gevangenisowerhede verby te kon smokkel.

Daar is twee "kursusse" van "politieke opvoeding" aangebied. Die eerste "kursus" handel oor die geskiedenis van die bevrydingstryd en die tweede, oor die Marxisties-materialistiese geskiedenis van die ontwikkeling van die gemeenskap. Trouens, die meerderheid van Mbeki se essays, asook die voorwoord van Gwala, is in Marxistiese trant geskryf. In die bekendstelling word dan juis ook gesê dat die Robbeneiland-gevangenes oor die jare **"a collection of Marxist texts"** opgebou het. Aangesien die leierskap onder die gevangenes hulle dit ten doel gestel het om hulle mede-gevangenes polities en andersins te"onderrig" en Mbeki een van die "leermeesters" was, is sy styl informatief soos dié van 'n onderwyser wat lesse aanbied. Mbeki erken self dat sy vroeëre loopbaan as onderwyser hierin 'n rol gespeel het. Verder is die styl en inhoud van die essays kennelik dié van 'n intellektueel wat oor 'n omvattende kennis aangaande die lewensomstandighede en geskiedenis van die bevolkingsgroepe van Suid-Afrika beskik. Daar word ook in 'n aantal gevalle van tabelle met statistiese gegewens gebruik gemaak om sekere stellings te motiveer. Dit moet egter gesê word, en soos wat ook in die bekendstelling verduidelik word,dat Mbeki baie van laasgenoemde data uit UNISA studielesings verkry het.

Die gepubliseerde essays, waarvan 'n aantal klaarblyklik tussen 1981 en 1986 geskryf is, is in vyf kategorieë ingedeel. In Deel I is daar huldeblyke aan Ruth First en Moses Mabida, beide afgestorwe lede van die ANC en die SAKP, asook 'n reaksie op P.W. Botha se vrylatingsvoorwaardes. Die tweede kategorie bestaan uit 3 dele en behels 'n Marxisties-historiese analise van die ontstaan en groei van Afrikaner kapitalisme. Deel III handel oor verskillende metodes van politieke organisering in die stad en in die bantustans. Deel IV behels ook 'n Marxisties-materialistiese analise van onder andere ekonomiese geskiedenis en "monopolie kapitalisme" in Suid-Afrika. In die vyfde en laaste kategorie is daar byvoorbeeld kommentare oor apartheid, essays aangaande teoretiese Marxistiese kwessies, ens.

Die bundel essays bied aan historici en politieke wetenskaplikes wat in hierdie studieveld belangstel, 'n nuttige insae in die denke en ideologieë van die leidende teoretici in die ANC-SAKP alliansie gedurende die apartheidsera.

W. Visser